PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 7 van 2024

<u>AAN</u> : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

<u>LEDESESSIES: "TWEEPOT" STELSEL MIV 1 SEPTEMEBR 2024</u>

U sou in die pers en media verneem het van die nuwe "tweepot" stelsel wat in werking tree op 1 September 2024.
Die "tweepot" stelsel het ten doel om lede te help wat in 'n finansiële verknorsing is, om geld uit hulle aftreefondsgelde te neem sonder om te bedank. Hierdie kan een-keer per belastingjaar geskied en die minimum bedrag wat onttrek kan word is R2000 en die maksimum aanvanklik, is R30 000 onderworpe aan 10% van die opgeloopte fondswaarde, belasting teen marginale koerse en 'n fooi wat deur die administrateur gehef sal word.

Om hierdie "potte" aan lede en werkgewers te verduidelik, wil ons graag ledesessies soos volg hou:

1. 14 Augustus **(Pretoria)** Koinonia, NG Lynnwood (Sussexlaan 439, Lynnwood)
2. 19 Augustus **(Johannesburg)** Hoëveld Sinode Sinodale Sentrum (Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kempton Park)
3. 21 Augustus **(Potchefstroom)** NG Grimbeekpark (H/v Zeederberg- en Lupinestraat, Grimbeekpark)
4. 23 Augustus **(Middelburg)** NG Middelburg-Suid (H/v Kogel- en Samora Machelstraat, Middelburg
5. 26 Augustus **(Nylstroom)** NG Waterberg Kerkstraat 112 (H/v Kerk- en Tabo Mbekistraat, Nylstroom (Modimolle).

Enige lid is welkom om by te woon maar ons verwag dat die meeste verteenwoordigers van werkgewers sal bywoon om op hul beurt, hul werknemers te help met die prosesse indien nodig.
Dit sal gaaf wees indien u kan aandui of u een van die sessies sal bywoon sodat ons die sitplek- en ander reëlings kan tref. <u>Die sessies begin om 10:00 en eindig om 11:30</u>.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER